

21 April

Skrifgedeelte: Spreuke 22:1; Hebreërs 13:1-7

Fokusgedeelte: Spreuke 22:1

Die waarde van jou naam

Paulus sê in sy brief aan Timoteus: mense sal toenemend selfsugtig, geldgierig en liefdeloos word (2 Tim. 3). Ons sien sekerlik baie daarvan in ons dag.

So 'n selfgesentreerde mens sal nie baie lank onthou word nie. Mense gaan ook nie baie van hom dink nie. Volgens ons teks is 'n goeie naam beskore vir diegene vir wie geld, goud en goed juis nie alles is of was in sy lewe nie.

In Hebreërs 13:1-7 is sprake van die soort mens wat 'n naam opbou wat die moeite werd is om te onthou. So iemand kan ons navolg. Vers 7 verwys na voorbeeldige voorgangers wat onder andere die Woord bedien het. In die perikoop word mense ook tot gasvryheid, meelewing, huwelikstrou en tevredenheid met jou finansiële posisie opgeroep. Dit is waarskynlik die soort voorbeeld wat die voorgangers met hulle lewe gestel het. So 'n mens se naam is die moeite werd om te onthou. Jy kan vrymoedig in so 'n persoon se voetspore volg.

In die Bybel kry ons heelwat voorbeelde van mense wie se naam baie vir die gelowiges beteken het. Die eerste sewe diakens (Hand. 6), Dorkas (Hand. 9) en Cornelius die hoofman (Hand. 10) is enkele voorbeelde. Aan die einde van baie van Paulus se briewe noem hy lyste name van mense wat in sy gedagtes voortlewe, en aan wie hy met deernis en dankbaarheid dink.

Vir kinders van die Here kan 'n goeie naam vandag op niks anders gebou word as die fondament, Christus, nie. Vanuit so 'n fondament moet ons 'n onselfsugtige lewe van integriteit bou. Dis ons dankbare antwoord op Christus se genade in ons lewe.

Die meeste van ons weet seker nie of mense soos Calvyn, Totius of Maartin Luther ryk of arm was nie. Dis sekerlik nie belangrik nie. Wat ons wel weet, is dat ons graag hulle naam in ere wil hou, en die voorbeeld van hulle geloof wil navolg. Wat laat jy in jou omgewing na?

Sing: Skrifberyming 14-1:3

Ds. KA J van Rensburg (Paarl)